Downloaded from Stanmorephysics.com

1.6 **PRENTJIE: IEMAND WAT VASGEKETTING IS WAT SELFOON VASHOU**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word, byvoorbeeld:
  - **Letterlike interpretasie:** Mense gebruik tegnologie/selfone vir alles; mense werk die hele dag/baie ure op hulle selfone; mense sit lang ure voor hulle skerms; mense stoor al hulle inligting op hulle selfone; skermbedrog/ witboordjiemisdaad/werklike verslawing (waarvoor jy dalk behandeling moes ontvang), ens.
  - **Figuurlike interpretasie:** Die invloed van skermbedrog/witboordjiemisdaad op mense se lewens/maatskappye/die ekonomie; tegnologie neem die mens se lewe/verstand/denke oor; tegnologie maak jou 'n slaaf/reël onbewustelik jou lewe; wanneer jy jouself losmaak van probleme; jou lewe is beperk tot 'n skerm; tegnologie bring eensaamheid/verbrokkelde verhoudings, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.7 **PRENTJIE: VERFKWAS WAT PAD OOPVERF EN FIGUUR VOLG DIE PAD**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word, byvoorbeeld:
  - **Letterlike interpretasie:** Die verfkwas word gebruik om iets te verf; iemand verf 'n pad; iemand volg die pad; 'n nuwe pad; uitlewing van kuns/talent, ens.
  - **Figuurlike interpretasie:** 'n Lewensreis; my nuwe lewe; ek baan vir my 'n nuwe weg; 'n skoon begin; ek verf my eie pad oop; ek verf my drome; kreatiewe denke; die skadukant en die ligkant van my lewe; ek is alleen op my pad/moet op myself staatmaak, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.8 **PRENTJIE: KIND ALLEEN OP 'N SWAAI**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word, byvoorbeeld:
  - **Letterlike interpretasie:** 'n Kind op 'n swaai; kind in die natuur/buite; speel in die parkie; 'n kind wat vir iemand wag; 'n kind wat sit en wag vir iemand om hom te laat swaai; goeie herinneringe uit jou kinderjare, ens.
  - **Figuurlike interpretasie:** Eensaamheid; alleenheid; enkelkindsindroom; verwaarlosing; emosioneel geïsoleer; niemand gee om nie/wil met my speel nie/is daar vir my nie/verstaan my nie; kinders kom nie meer in aanraking met die natuur nie; ontvlugting; my droomwêreld; hou vas aan iets wat jou veilig laat voel/bekend is, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

